**Notule** van die **2de** Gewone Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Woensdag, 25 Februarie 2015**

om **10:00**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], GP Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, M Furmen, J Bostander, L Deyce EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], AM Slabbert, DE Welgemoed en AD Willemse

**Afwesig** **Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester] (verskoning)
**Raadslede** GT Murray (sonder verskoning) en R van der Linde (sonder verskoning)

**In diens** Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste [R Klink], Wrnde. Direkteur: Elektrotegniese Dienste [DS le Roux], Kontroleerder Finansiële Administrasie en Senior Klerk: Komitees

Raadslid G de Vos open die vergadering met gebed.

**1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER**

**GEEN**

Raadslid DE Welgemoed meld dat hy die vergadering om synde 13:00 gaan verlaat.

**2. AANSOEKE OM VERLOF VIR AFWESIGHEID**
3/4/1

**BESLUIT**

Dat die volgende aansoeke om verlof, toegestaan word:

| | |
|---|---|
| Raadslid L Deyce | 02 – 03 Februarie 2015 |
| Raadslid AD Willemse | 26 Februarie 2015 – 20 Maart 2015(voorlopig) |
| Raadslid EAJ Beyers | 28 Februarie 2015 – 06 Maart 2015 |

Die Speaker versoek dat daar ondersoek ingestel word na die afwesigheid van sekere Raadslede tydens vergaderings.

**3. GOEDKEURING VAN NOTULES –**

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid J Bostander stel voor dat die onderstaande notules goedgekeur en aanvaar word:-

3.1 1ste Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 27 Januarie 2015**

3.2 1ste Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Donderdag, 22 Januarie 2015**

3.3 2de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Maandag, 02 Februarie 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

3/4/1

Dat alle bouvallige buite toilette na gekyk word en herstel word of verbou word. Dat as jy kyk dan sit die mense in toilette waar jy deur die muur kyk.

Dat daar in die MIG fondse gekyk word of dit reg gebruik word en deur mense wat dit regtig nodige het as daar agtergeblewe goed en areas en die plekke wat voorkeur moet kry.

Dat daar 'n "update" van die CETA fondse gekry word en dat die Raad ingelig word wat daarin aangaan. Dat indien daar nie bewyse is nie die Raad dit dienooreenkomstig sal terughou. Graag wil die Speaker ook weet wie die Uitvoerende Burgemeester se ritmagtiging teken en ander Raadslede.

Ek wil graag weet hoe ver die EPWP programme gevorder het. Die Food for Waste is weg, rivier werkers of daar nie nog so 'n program is nie. Dat hierdie inligting weer ter tafel gelê moet word. Ek verstaan dat ons nie die enigste instansie is wat werk verskaf nie. Dat hierdie inligting by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word.

Baie dankie.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

**GEEN**

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

**GEEN**

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: JANUARIE 2015

5/1/2/1; 8/1/1/2/3

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor:

dkd

7.1.1 Dat ŉ verslag met betrekking tot 6.1 op Bylae 41 (Creditors Analysis) Supporting Table SC4, Trade Creditors by die eersvolgende raadsvergadering voorlê word.

7.1.2 Dat die Artikel 71 verslag vir Januarie 2015 soos uiteengesit op Bylae 29 tot 51 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**7.2 2014/2015 AANSUIWERINGSBEGROTING**
5/1/2/1; 5/1/2/2

Raadslid DE Welgemoed meld dat vanaf die DA komponent se kant af hulle nie goedkeuring gaan gee vir die goedkeuring van die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting nie.

Raadslid J Bostander gesekondeer deur Raadslid M Furmen stel voor dat die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting goedgekeur en aanvaar word.

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse stel voor dat die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting nie goedgekeur word voordat die inligting soos deur hul aangevra soos in punt 7.1 aan hulle voorsien word nie.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna die stemming soos volg uitsien:-

3 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse
6 stemme vir die voorstel van Raadslid J Bostander gesekondeer deur Raadslid M Furmen.

Raadslid EAJ Beyers bly buite stemming.

Raadslid DE Welgemoed meld dat vervolgens die Grondwet moet die begroting met stemming van die meerderheid Raadslede goedgekeur word, wat beteken dat (7) sewe Raadslede ten gunste van die begroting moet stem wat nie die geval wees nie. Waarna die Munisipale Bestuurder dit bevestig het.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat indien dit nie moontlik is vir die Direkteur: Finansiële Dienste om die nodige inligting soos deur Raadslid DE Welgemoed versoek tydens die vergadering kan versamel nie dit voorgehou kan word aangesien baie Raadslede verlof aangeteken het. Waarna die Speaker toestemming verleen dat die vergadering verdaag om die Direkteur: Finansiële Dienste die geleentheid te gun om die inligting te bekom en dit aan Raadslid Welgemoed te oorhandig. Waarna die vergadering weer sal hervat word ten einde die item te bespreek en af te handel.

By aanvang van die vergadering om synde 11:22 meld die Speaker soos volg:-
dkd

Dat daar ŉ koukus was tydens die breek en dat Raadslid DE Welgemoed ŉ indikasie gee van watter inligting verlang word. Raadslid DE Welgemoed noem dat daar nog inligting uitstaande is ten dat sodra dit bekom.

Die Speaker vra aan Raadslid J Bostander of die voorstel soos gemaak staande bly, waarna Raadslid M Furmen ook meld dat hy volstaan by sy sekondant op die voorstel van Raadslid J Bostander.

Die Speaker vra ook aan Raadslid DE Welgemoed of hy volstaan op sy voorstel soos voorgestel.

Die Speaker vra dat die vergadering verdaag vir 5 minute.

By aanvang van die vergadering meld die Speaker soos volg:-

Dat die Speaker slegs advies wou inwin en dat sy advies deur die Munisipale Bestuurder op rekord geplaas gaan word. Die Munisipale Bestuurder meld dat die aangeleentheid nie afgehandel is nie. Dat alhoewel Raadslid DE Welgemoed die inligting het die aangeleentheid afgehandel moet word.

Raadslid J Bostander gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting goedgekeur word.

Raadslid DE Welgemoed meld dat die aangeleentheid deur middel van stemming afgehandel is, dat die DA die goedkeuring van die Aansuiweringsbegroting steun met die voorwaarde dat die aanpassing vir die reis- en verblyf van Raadslede, nie moet plaas vind nie.

Raadslid AD Willemse meld dat die punt nog nie afgehandel is nie, waarna die DA komponent van die Raad vra om 'n koukus.

By hervatting van die vergadering meld Raadslid DE Welgemoed dat hy sy voorstel vir die voorwaardelike ondersteuning van die Aansuiweringsbegroting onttrek.

Vervolgens meld Raadslid AD Willemse dat hierdie aangeleentheid as afgehandel beskou word waarna die Raad soos volg:-

**BESLUIT**

Dat die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting en die gewysigde SDBIP soos uiteengesit op **Bylae 131 tot 172** van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

## ADDENDUM-AGENDA

### 7.3 2014/2015 AANSUIWERINGSBEGROTING

5/1/2/1; 5/1/2/2

Afgehandel onder item 7.2

### 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

**8.1 LANGDIENSTOEKENNING**
4/6/1/6

**KENNIS GENEEM**

**8.2.1 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES**
SP

**GEEN**

**8.2.2 ONE STOP CENTRE / CIVIC CENTRE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: OFFICES**
5/1/2/4

**NOTED**

**8.3 SECTION 56 APPOINTMENT: DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES**
4/3/1

**RESOLVED**

kk

That this item be tabled at the next Special Council meeting.

**8.4 AANSTELLING VAN KOMMISSIE KASSIERES**
4/3/1; 4/3/2

Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid J Bostander stel voor:-

bp

8.4.1 Dat die pligtestate van die kommissie-basis kassieres uitgebrei word.

8.4.2 Dat daar ondersoek ingestel word na die aanstelling van die na-ure kassiere te Hillside betaalkantore.

8.4.3 Dat daar na die dame wie tans werksaam as aflos kassier by die Kwa Mandlenkosi kantore ondersoek word en by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

Die Munisipale Bestuurder en die Wrnde Direkteur: Gemeenskapsdienste verlaat die vergadering waarna die Direkteur: Korporatiewe Dienste die stoel inneem as Munisipale Bestuurder.

**8.5 ALGEMENE JAARVERGADERING 2015: CAPE JOINT PENSION FONDS: 29 MEI 2015: BELLVILLE**
4/6/4/1

**BESLUIT**

dkd

Dat die Administrasie ondersoek instel of dit die moeite werd is om hierdie vergadering te Kaapstad by te woon en dat hierdie inligting by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.6 EIS VAN HUURGELDE VAN WYKSKANTOOR: RAADSLID G.P. ADOLPH**
5/10/2

Raadslid GP Adolph verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

dkd

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse stel voor dat die fondse nie aan Raadslid GP Adolph uitbetaal word nie.

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die fondse ten bedrae van R4 400.00 vanaf 1 Februarie 2014 tot 28 Februarie 2015 met betrekking tot die huurgeld aan Raadslid GP Adolph uitbetaal word en dat die maandelikse huurgeld aan Raadslid GP Adolph uitbetaal word.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna dit soos volg uitsien.

3 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse

5 stemme vir die voorstel van Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce

Raadslid M Furmen bly buitestemming.

**ALDUS BESLUIT**

Raadslid GP Adolph sluit by die vergadering aan na die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.7 KENNISGEWING NO. 120/2014: VERHURING VAN MUNISIPALE WONING GELEE TE BIRDSTRAAT 112: BEAUFORT-WES**
7/1/4

Raadslid M Furmen verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

aa

Raadslid DE Welgemoed stel voor dat die woning te Birdstraat 112, Beaufort Wes ten bedrae van R2720.00 aan me. K Valentine toegeken word vanweë die lae persentasie wat die totale koste per maand uitgesluit water en elektrisiteit van haar totale maandelikse inkomste.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Raadslid M Furmen sluit by die vergaderin aan na bespreking van hierdie item.

**8.8 AANSOEK OM DIE AANKOOP VAN BESKIKBARE BESIGHEIDSERF TE KWA-MANDLENKOSI**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

aa

8.8.1 Dat goedkeuring verleen word dat die beskikbare erwe wat nie onwettig okkupeer word nie, te wete erwe 854, 847, 850, 635 en 638 te Plakkerskamp te koop aangebied mag word en indien wel;

8.8.2 Dat goedkeuring verleen word dat 'n waardasie op die erwe uitgevoer mag word.

8.8.3 Dat goedkeuring verleen word dat met onwettige okkupeerders vanaf die erwe verwyder word.

**8.9 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 751: MURRAYSBURG: AL SOPETE**
7/3/4/1/3/2

**AANBEVELING**

ba

Dat erf 751 Murraysburg uit die hand uit op die opemark te koop aangebied word teen die markverwante waardasie van R8,000.00 BTW uitgesluit.

**8.10 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 220: MERWEVILLE: F. KLINK**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat alle vakante erwe te Merweville se inligting aan die Raad voorgelê word en aan Raadslid J Bostander voorsien word en tydens die Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.11 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 398 EN 399: MURRAYSBURG**
7/3/4/1/3/2

Raadslid L Deyce verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

ba

Raadslid EAJ Beyers gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat die aanbod ontvang van mnr. S van Staden vir erf 398, Murraysburg ten bedrae van R17 100.00 BTW ingesluit, goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.12 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERWE 196, 197 EN 198, MERWEVILLE**
7/3/4/1/3/2

**AANBEVELING**

Dat erwe 196, 197 en 198 Merweville nie verkoop word nie.

**8.13 AANSOEK OM AANKOOP VAN 'n GEDEELTE VAN ERF 2895, ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

**AANBEVELING**

ba

Dat weens die feit dat toegang tot die stormwaterarea asook onderhoud aan die rioolstelsel bemoeilik sal word indien die gedeelte van erf 2895 verkoop word, die versoek vir die aankoop van die gedeelte van erf 2895, nie goedgekeur word nie.

**8.14 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid EAJ Beyers stel voor dat die aangeleentheid oorstaan totdat Raadslid de Vos die planne van die erwe kry.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.15 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 760 KWA-MANDLENKOSI: PENTECOASTAL UPPER HALL OF SOUTH AFRICA**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.16 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 225: LANGSTRAAT: MERWEVILLE: MNR. DMP JOACHIM**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.17 AANSOEK OM KERKGROND: ERF 347: MURRAYSBURG: BLYE BOODSKAPPERS GEMEENTE**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

ba

Dat inbeginsel goedkeuring verleen word vir die vervreemding van erf 347, Murraysburg onderworpe aan die volgende voorwaardes:-

1. Dat die markwaarde van erf 347 Murraysburg bepaal word.
2. Dat die erf slegs vir doeleindes van 'n kerk aangewend mag word.
3. Dat die aansluiting van grootmaatdienste vir die rekening van die koper sal wees.
4. Dat die suksesvolle koper verantwoordelik sal wees om op eie koste aansoek te doen vir die hersonering en die sluiting van die eiendom vanaf Oopruimte Sone II na Institusionele Sone II.

**8.18 AANSOEK OM DIE TOESTAAN VAN DIE VOORMALIGE KLEEDKAMERS OP DIE NIEUVELD PARK SPORTSGRONDE LANGS MANDELA SQUARE**
7/3/4/1/3/4

ba

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP de Vos stel voor dat die aansoek van die Betesda Pinkster Kerk van S.A. om die Voormalige kleedkamers op die Nieuveld Park Sportsgronde langs Mandela Square, toegestaan word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.19 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: JANUARY 2015**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the monthly Implementation Report for January 2015 attached as Annexure 149 to 152 of the agenda, be approved.

**8.20 NELSON MANDELA INTERNATIONAL DAY 18 JULY 2015**
9/1

**RESOLVED**

dkd

That approval be granted that Councillors G De Vos, GP Adolph, EAJ Beyers, L Deyce, Acting Director: Community Services, Director: Financial Services be nominated to serve on the Committee that will arrange the proposals to Council on how Mandela Day should be celebrated in 2015. Furthermore that Councillor G de Vos serve as the convenor

**8.21 AANSOEK OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA: PLAAS 402: LEEURIVIER en PLAAS 268 BUFFELSVLEI: BEAUFORT-WES**
12/3/3

**BESLUIT**

ba

8.21.1 Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir 'n afwyking vir 'n leengroef op gedeelte van die Plaas 268, Buffelsvlei, Beaufort-Wes onderworpe aan die volgende voorwaardes:

8.21.1.1 Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.

8.21.1.2 Dat die grond gedeeltes op gereelde basis natgemaak moet word om stof in die area te vermy.

8.21.13 Dat na die ontginningsproses van die leengroef die grond so verwerk moet word dat die groef dien as 'n wateropvangspunt.

**8.22 ONTWIKKELING VAN ERF 2807: NAKOMING VAN BOUKLOUSULE: CORNERSTONE MINISTRIES**
12/4/6/2/1; 7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

aa

Dat die aangeleentheid oorstaan ten einde die Wyksraadslid van Essopville Raadslid de Vos die geleentheid te gee om met die betrokke kerk te konsulteer.

**8.23 VOORLEGGING: I4 POWER: MNR. JANNIE MAJIED: INSTALLERING VAN SMART: METERS**
13/2/1

dkd

Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid DE Welgemoed stel voor dat die Beaufort Wes Munisipaliteit nie die Memorandum van Ooreenkoms met I4 Power onderteken nie, aangesien die projek nie lewensvatbaar is nie.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.24 PROGRESS REPORT: YOUTH HUB**
14/17/1

**RESOLVED**

kk

That this item be tabled at the Special Council meeting for discussion.

**8.25 EXTENTION OF CONTRACT: ACTING DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES: MR. R. KLINK**
SP: R. Klink

dkd

Councillor L Deyce seconded by Councillor M Furmen proposed that the contract of the Acting Director: Community Services, Mr R Klink be extended until the recruitment process has been complete but not exceeding (3) three months as contemplate in Section 56(1)(c) of the Municipal Systems Act and that the Minister of Local Government be notified accordingly for his consent.

Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor AD Willemse proposed that the contract of Acting Director: Community Services, Mr R Klink not be extended for a further 3 months due to the fact that it is in contravention with Section 56 of the Municipal Structures Act.

3 votes in favour of the proposal of Councillor DE Welgemoed seconded by Councillor AD Willemse
7 votes in favour of the proposal of Councillor L Deyce seconded by Councillor M Furmen

**THUS RESOLVED**

Die Wrnde Direkteur: Gemeenskapsdienste sluit synde 13:10 by die vergadering aan.

**8.26 NOTULE/VERSLAG VAN 'n VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: FINANSIËLE DIENSTE EN ONTWIKKELING GEHOU OP DINSDAG, 03 FEBRUARIE 2015**

Die Munisipale Bestuurder sluit om synde 13:23 by die vergadering aan en neem die stoel as Munisipale Bestuurder in.

**BESLUIT**

aa

Dat die Notule/Verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Finansiële Dienste en Ontwikkeling soos gehou op Dinsdag, 03 Februarie 2015 soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word en dat item 4.3 tydens die 5 Maart 2015 se Spesiale Raadsvergadering, gehou gaan word, bespreek word.

**8.27 MEDEDELINGS VAN DIE SPEAKER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.28 MEDEDELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEERSTER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

## 9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES

### 9.1 MOSIE: VASSTELLING VAN VERGOEDING VAN DIREKTEURE
3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

### 9.2 MOSIE: ONEFFEKTIWITEIT VAN VOERTUIGTOETSSTASIE
3/2/1/1; 14/2/3

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

### 9.3 NOTICE OF REMOVEAL OF DEPUTY MAYOR
3/2/1/1

**RESOLVED**

That this item be removed from the agenda.

### 9.4 MOSIE: VERHALING VAN STUDIEBEURSGELD, REIS- en VERBLYFKOSTE en VERWANTE UITGAWES: MNR. T. PRINCE
3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

### 9.5 MOSIE: VERGADERING ANC LEDE MET AMPTENAAR/RE VAN DIE AFBAKENINGSRAAD
3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

### 9.6 MOSIE: AANSTELLING VAN VOORMALIGE RAADSLID BY VERKEERSAFDELING
3/2/1/1; 4/3/2

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.7 MOSIE: REIS- EN VERBLYFKOSTE: MNR. T. PRINCE**
3/2/1/1; 4/6/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ‘n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.8 MOSIE: REGSWERK GEDOEN DEUR MARAIS, MULLER YEKISO**
3/2/1/1; 1/2/2

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ‘n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.9 MOSIE: AANSTELLING AS VERKEERSRESERVIS BY VERKEERSAFDELING: MNR. DENNIS BOTHMA**
3/2/1/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ŉ datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.10 MOSIE: AFWESIGHEID SONDER VERHOF: WAARNEMENDE BRANDWEERHOOF: D.B. MOTSOANE**
3/2/1/1; 4/5/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ŉ datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.11 MOSIE: DISSIPLINêRE OPTREDE: SALMON MOSES**
3/2/1/1; 4/5/4/2

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ŉ datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.12 MOSIE: VERLOF VAN MUNISIPALE WERKER: R. MARITZ**
3/2/1/1; 4/5/1

**BESLUIT**

kk

Dat die mosie oorstaan tot ŉ datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.13 MOSIE: BYWONING VAN ONDERSOEKER VAN VOERTUIE KURSUS: MNR. M. LAWRENCE**
3/2/1/1; 14/2/1

**BESLUIT**

kk
Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**9.14 MOSIE: BESKIKBAARSTEL VAN KONTRAK: CKTS**
3/2/1/1; 14/2/1

**BESLUIT**

kk
Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE**

**10.1 VRAAG: BETROKKENHEID VAN TVS BY VERKEERSAKTIWITEITE VAN DIE RAAD**
14/2/1

**BESLUIT**

kk
Dat die mosie oorstaan tot 'n datum soos deur die Speaker bepaal waar slegs die mosies behandel gaan word.

**11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

**GEEN**

Die vergadering sluit om **13:40**.

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

_________________________________
SM Motsoane
**SPEAKER**